waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 9, SEPT 1998

# JOU PLEK VOLSTAAN

Praat is noodsaaklik. Praat is altyd noodsaaklik. Praat word lewensnoodsaaklik as daar verskille is wat uit die weg geruim moet word. Hoe gaan die verskille anders aangespreek en deurgespreek word? Die vraag is egter: wie moet waar praat? En in watter gees moet daar gepraat word?

In die kerklike lewe kom dit al meer en meer voor dat daar strategies gepraat word. Daar word nie in die vergadering gepraat nie; wel buite die vergadering. Daar word nie met broeder X gepraat nie; wel met broeder Y. Oopgesprek maak plek vir ruggespraak. Die redes hiervoor mag uiteenlopend wees. Gesprekke met eendersdenkendes is makliker as gesprekke met andersdenkendes. Of: ter wille van vrede is dit maar beter om niks tydens die vergadering te sê nie. Eendersdenkendes vind mekaar, maar eendersdenkendes vind nie die andersdenkendes nie.

'n Ander tendens sluit hierby aan. 'n Ampsdraer wys die kerkraad op dees en gene wat nie reg hanteer word nie. Vanuit die Skrif, die belydenis en die kerkorde word die beginsel en die koers aangewys. Maar die kerkraad gee geen gehoor nie. Die beginsel word geïgnoreer, doodgeswyg. Hoe meer die getroue ampsdraer die koers aanwys, hoe ongeduriger word die kerkraad. Weldra word die etikette omgehang: stroom-op, dwarstrekker, foutsoeker, letterkneg, fundamentalis. 'n Spreekbeurt word teësinnig toegestaan, maar die besluit is alreeds geneem. Hoe lank gaan so 'n ampsdraer staande bly?

Wanneer word die maat vol? Is dit onder sulke omstandighede nie maar beter om stil te bly nie, die amp neer te lê nie? En sal dit vir die persoonlike sieleheil nie beter wees om by 'n gemeente aan te sluit waar daar aanklank gevind word nie? Die oomblik wanneer sodanige besluit geneem en uitgevoer word, slaak die kerkraad 'n sug van verligting. 'n Moeilikheidmaker minder. En op die attestaat word getuig: suiwer in leer en lewe, 'n broeder met uitstaande ampsgawes.

Is dit eerlik? Allesbehalwe. So 'n kerkraad lieg. Maar die getroue ampsdraer het ook sy plig versuim. Die geheim van gereformeerd wees lê immers daarin dat ons mekaar aanhou bind aan die vaste fondament! Wanneer daar welbewus en konsekwent van die fondament afgewyk word - ja, dan verander sake. Maar dan moet dit pront-uit vir mekaar gesê word. Dan moet 'n ongehoorsame kerkraad of ongehoorsame ampsdraer gedwing word om te verklaar: ons slaan 'n nuwe koers in, ons verlaat die gereformeerde erf.

Alvorens dit nie gebeur het nie, geld die opdrag: staan jou plek vol. Hou aan praat, bemoedig, vermaan. Bind mekaar aan die norm. Hierdie is geen maklike opdrag nie. Dit is beslis nie die weg van die minste weerstand nie. Maar dit is wel die enigste weg wat in eerbied vir die Here en in liefde vir sy kerk bewandel moet word.

Van die redaksie.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**INHOUD**

1 **Redaksioneel**
*Jou plek volstaan*
1 **Skrifoordenking**
*Uitverkies*
**Ds GJ Meijer**
3 **Fokus**
*Skrifgesag en Skrifvertolking (I)*
Prof GJC Jordaan
6 **Aktueel**
*POMO - die goue kalf*
Ds ALA Buys
7 *Houvas wat jy het (I)*
Dr JG Meijer
9 **Mediese etiek**
*Die ongebore kint met 'n gebrek*
Dr JM Boon
11 **Op pad na sinode 2000**
*Die posisies van kerklike professore (I)*
Dr JG Meijer

---

## SKRIFOORDENKING

# Uitverkies!

Ds. G.J. Meijer - Wonderboompoort

**Skriflesing: 2 Thessalonisense 2:1-12**
**Teks: 2 Thessalonisense 2:13 en 14**

***Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.***

Voordat ons Here Jesus Christus weer kom met die wolke van die hemel moet die antichris sy verskyning maak. Die voorkoms van die antichris word noukeurig in die eerste twaalf verse van 2 Thessalonisense 2 beskryf. Hy is die seun van die verderf. Hy is die teenstander van God, wat in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is. Sy aanslag op die mensdom is groot. Hy plaas vraagtekens oor alles wat vas is. Hy verdraai aan die Woord van God. Onder die vaandel van waarheid en geregtigheid en billikheid wil hy sy sin kry. Hy laat mense doelbewus dwaal, weg van God af.

Oor sy verskyning word daar in vers 6 gesê dat daar iets is wat hom teëhou. Daardie "iets" is die evangelie van Jesus Christus. Solank as wat daar nog geluister word na God se Woord, kan die antichris nie sy mag ten volle ontplooi nie. Daar kom egter 'n tyd wat die Skrif heeltemal eenkant geskuif word in die samelewing. Die verkondiging van die evangelie word teëgestaan. God gaan dit toelaat. Wat meer is: God gaan die krag van dwaling stuur sodat diegene wat nie waarlik glo nie, skuld sal beken. Die eindtyd voor Christus se wederkoms word 'n tyd van skeiding. Dit sal duidelik word wie God waarlik liefhet en wie nie. Deur beproewing kom daar loutering.

Nou ontstaan die vraag: sal die ware gelowiges staande kan bly temidde van soveel swaarkry? Word die aanslag nie so subtiel en so gemeen dat ons almal dreig om daarvoor te swig nie? Dit is maklik om selfversekerd te sê: ons het ons

beginsels, ons weet waarvoor ons staan. In wese is dit bitter gevaarlik om so te praat. Want wie meen dat hy sterk is, word vinnig-vinnig 'n prooi van sy eie swakhede. Die vraag bly staan: oor watter energie beskik die volk van God om die energie van dwaling te weerstaan?

Verse 13 tot 17 van 2 Thessalonisense 2 lig die sluier oor dié saak. In hierdie Skrifoordenking val die kollig op verse 13 en 14. Die kerk van Christus vind haar onblusbare krag, haar allesoorwinnende energie in haar Goddelike uitverkiesing.

Vanaf vers 13 is daar 'n duidelike verandering te bemerk in die manier waarop Paulus met die gemeente van Thessalonika praat. Die eerste twee verse was een en al 'n dringende waarskuwing. Oppas broeders, moenie met die oog op Christus se wederkoms julle verstand verloor nie. Moenie verskrik raak oor alles wat die mense om julle te vertelle het nie. Laat julle nie beïnvloed deur sensasionele verhale van die mensdom nie.

As Paulus klaar gewaarsku het, verduidelik hy in die volgende 10 verse, vanaf vers 3-12, waarom hy so indringend met die gemeente praat. Dit is naamlik die eeue-oue taktiek van Satan om God se gelowige kinders deur middel van verwarring in vertwyfeling te bring. Hy stel listige vrae. Langs dié weg ontstel hy die gelowige in so 'n mate dat 'n mens kan begin twyfel aan dinge wat vir jou altyd onwrikbaar vas gestaan het. Vir die gemeente in Thessalonika word die waarskuwing met die oog op die wederkoms konkreet: moenie in Satan se slagyster trap nie, temeer noudat julle presies weet hoe die strik gestel word.

En dan volg die eerste woorde van vers 13. Ons hoor hoe Paulus begin bid nadat hy hard en indringend met die gemeente gepraat het. Hy sê: "Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word!" 'n Sterk teenstelling word hier gemaak: *maar*! Wat is die teenstelling? Wat motiveer die apostel om skielik van 'n waarskuwing oor te slaan na danksegging? Die antwoord op hierdie vrae vind ons in die vervolg van vers 13 en in vers 14. Paulus sê uitdruklik waarvoor hy God dank. "Ons dank God dat Hy julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry". In een sin word 'n besonder ryk en troosryke dankgebed weergegee.

Die kernsaak waarvoor Paulus die Here dank, is die uitverkiesing. Paulus weet dat die Here die broeders (en ook die susters) in die gemeente van Thessalonika uitverkies het. Nee, Paulus is nie nou besig om 'n aanname te maak of 'n wens uit te spreek nie. Hy dank God vir iets wat werklik bestaan. Op grond van die Thessalonisense se geloof in die waarheid en op grond van die Godgerigte lewe wat hulle uit die krag van die Heilige Gees lei, kan Paulus met sekerheid sê dat hulle tot die ewige lewe uitverkies is. Want dit is immers hoe die uitverkiesing van God werk! Die gelowige het geen onduidelikheid daaroor nie. Ons hoef nie te wonder: is ons uitverkies of is ons nie? Inteendeel: die uitverkiesing staan vas in ons lewe.

In sy brief aan die Efesiërs, hoofstuk 1, het Paulus die hele saak rondom die uitverkiesing ook al breedvoerig uiteengesit. Nou doen hy dit weer. Voor die grondlegging van die wêreld, voordat God geskep het, het Hy in sy onbegryplike welbehae besluit wie Hy uitkies en wie Hy verwerp. Vir die mense wat Hy uitkies, gee Hy die gawe van geloof. Deur die verkondiging van die evangelie roep Hy die uitverkorenes na Hom toe en werk Hy die geloof in hulle harte. Hoe meer sy kinders die evangelie hoor en bestudeer, hoe verder groei hulle in geloof. Hoe verder hulle in geloof groei, hoe meer leef hulle 'n heilige lewe tot eer van God. Hoe meer hulle heilig tot eer van God leef, hoe intenser word hulle daarvan oortuig dat hulle die ewige lewe in Christus het. Geloof en heiligmaking is duidelik sigbare vrugte van die uitverkiesing. So bely ons dit ook op grond van die Skrif in die Dordtse Leerreëls (1,16).

Hierdie Skrifgegewe is besonder troosvol en versterkend. Uitverkiesing is geen tergende vraagstuk wat soos 'n swaard bo ons koppe hang nie. Inteendeel, uitverkiesing is die fondament van waaruit ons ons geloof beleef. En daardie vaste fondament gee ons krag teen die aanslag van die antichris. Die antichris poog in die eindtyd om ons van alle sekerheid te ontneem. Die antichris maak alles relatief. Hy laat 'n mens twyfel aan die korrektheid van die Bybel. Hy stel die enige ware God gelyk aan met die nietige afgode. Hy versoek jou daartoe om 'n kompromie aan te gaan met die leuen, om net 'n bietjie toe te gee. Die gelowige word die hele tyd op dieselfde swak plekkies versoek: is jy seker van dit wat jy glo? Is jy seker jy glo reg? Voldoen jy aan bepaalde kenmerke? Is jy nie eensydig met jou geloof nie? Moet 'n mens nie vanuit 'n breër perspektief na die werklikheid kyk nie? Kan die miljoene aanbidders van ander gode almal verkeerd wees?

Vrae, vrae, vrae. Die antwoord is enkelvoudig en boonop eenvoudig: ons dank God dat ons uitverkies is! Ons laat ons nie ondermyn nie, want ons weet wat ons in God het. Wat die antichris ons ook al probeer wysmaak: die Here het ons lief. God het ons eerste liefgehad, en Hy gee ons die geloof om Hom te dien, om Hom lief te hê. Ons word geroep om te deel in die heerlikheid van Jesus Christus - dit staan onwrikbaar vas.

In ons stryd teen die antichris word ons teruggedwing na die groot dade van God.

Daarvoor moet ons Hom dank. Dank God dat Hy ons tot sy kinders uitgekies het. Dank Hom dat Hy ons voortdurend deur die verkondiging van die Woord roep en so die geloof in ons werk. Dank Hom dat ons lewe vas is in sy hande, ondanks alle tergende vrae waarmee die antichris ons daagliks voorlê. Die fondament is gelê, daaraan kan geen bose mag iets verander nie. Dank Hom welbewus daarvoor - sonder ophou!

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Redaksie-adres:*
Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380
Tel (01782) 2480
*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 50 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

# SKRIFGESAG EN SKRIFVERTOLKING (1)

**Prof GJC Jordaan,**
Teologiese Skool
Potchefstroom

In besinning oor hierdie vrae het dit spoedig duidelik geword dat hierdie vrae nie beperk is tot die terrein van die hermeneutiek nie maar ook by ander teologiese dissiplines aan die orde kom, veral die homiletiek, die etiek en die dogmatiek. Dit het ook duidelik geword dat die begrippare *indikatief/imperatief, deskriptief/preskriptief* en *sentrum/ periferie* wel in noue verband tot mekaar staan, maar tog nie sinoniem met mekaar is nie. Die kategorieë *imperatief, preskriptief* en *sentrum* kan nie aan mekaar gelyk gestel word nie, net so min as wat die kategorieë *indikatief, deskriptief* en *periferie* met mekaar verwar mag word. Dit blyk verder dat hierdie terme nie in alle dissiplines met dieselfde begripsinhoude gevul is nie.

Dit is dus vir die studiedeputate belangrik om:

- vas te stel wat die verband tussen die vermelde begrippe is en in watter mate hierdie begrippe ook hermeneutiese kategorieë kan aandui, en
- basiese hermeneutiese riglyne vir onderskeiding van sulke kategorieë neer te lê.

## Die begrippe indikatief en imperatief

Hoewel die begrippe *indikatief* en *imperatief* in werklikheid taalkategorieë is, word dit in die gereformeerde teologie vry algemeen ook gebruik om openbaringskategorieë in die Skrif te onderskei[2]. Ridderbos onderskei tussen "de indicatief, waarin het heil van het koninkrijk wordt geproclameerd" en "de grote imperatief van het evangelie ... als proclamatie van de wil des Vaders"[3]. Die twee begrippe dui dus twee fasette van die evangelie/koninkryk aan wat in die Skrif geproklameer word.

Aangesien dit wat in die Skrif geproklameer word ook in die prediking van die kerk geproklameer moet word, moet die indikatief en die imperatief van die Skrifopenbaring ook in die prediking gestalte vind [4]. Gevolglik word hierdie twee begrippe ook as sleutelbegrippe in die gereformeerde homiletiek aangetref, waarin die indikatief verwys na die deel van die Skrifopenbaring wat " 'n vasstaande werklikheid aandui, 'n werklikheid wat sê Wie God is, wat Hy doen en wat Hy vir ons en in ons doen", terwyl die imperatief dui op die deel wat "die bevel of eis van God aan die mens" bevat [5].

Ook op die terrein van die etiek het die begrippe *indikatief* en *imperatief* 'n staanplek gekry[6]. Uit die manier waarop skrywers soos Ladd[7] en Lategan[8] hierdie twee begrippe op die terrein van die etiek gebruik, is dit egter duidelik dat dit nie 'n selfstandige staanplek in die etiek beklee nie, maar eerder 'n brug slaan vanuit die Skrifverklaring na die etiek.

Hieruit volg dat die terme *indikatief* en *imperatief* ook in die hermeneutiek en Eksegese 'n gebruiksveld het. Verskeie Nuwe-Testamentici [9] gebruik die terme wel ter aanduiding van twee openbaringskategorieë in die Skrif, op so 'n wyse dat eersgenoemde naastenby dui op die heilsboodskap en laasgenoemde op die gehoorsaamheidseis van die Skrif. Dat hierdie twee begrippe egter nie vir die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek voldoende is nie, blyk uit 'n reeks artikels wat in 1990 in *In die Skriflig* verskyn het waarin gekies is vir die terme *indikatief* en *paraklese*. *Paraklese* verwys dan na "die vermanend-bemoedigende aksie wat onlosmaaklik verbind is met en voortvloei uit die indikatief van die werk van God Drie-enig" [10].

Hoewel eksegete wel van die twee begrippe gebruik maak, is daar nie welomskrewe hermeneutiese reëls oor hoe om vas te stel wat in 'n gegewe teks as indikatief en wat as imperatief beskou moet word nie. Die waarskynlike rede hiervoor is dat, soos hieronder aangetoon word, daar nie vaste reëls hiervoor gestel kan word nie.

Saamgevat: Dit is duidelik dat die begrippe *indikatief* en *imperatief* oor 'n wye gebied van teologiese dissiplines gebruik word. Hoewel dit ook vir onderskeidings in die Bybelse hermeneutiek en eksegese bruikbaar is, het dit steeds beperkinge en word dit nie by wyse van vaste hermeneutiese reëls omskryf nie. By 'n diskussie van die personeel van die Teologiese Skool Potchefstroom (11 Junie 1998) is aan die hand gedoen om in die hermeneutiek moontlik die terme *heilsfeit/opdrag* te gebruik eerder as *indikatief/imperatief*.

## Die begrippe deskriptief en preskriptief

Op die oog af lyk dit of ook die begrippe *deskriptief* en *preskriptief* twee vlakke van die Skrifopenbaring kan aandui. Die Skrifdele wat *preskriptief* van aard is, sou dan naastenby korreleer met die Skrif*imperatief.* Skrifdele wat as *deskriptief* getipeer word, sou dan geen voorskriftelike inhoud hê nie en bloot beskrywend van aard wees. So is die feit dat Jesus sewentig dissipels twee-twee uitgestuur het (Lukas 10:1) bloot *deskriptief* van aard: dit is nie bedoel as voorskrif vir gelowiges van alle tye om die evangelie twee-twee te gaan verkondig nie. Die opdrag om in sy diens die evangelie te gaan verkondig, is egter blywend van aard en daarom *preskriptief.*

**Die deputate wat deur die Nasionale Sinode van 1997 aangewys is om verdere studie oor die wyse van Nagmaalviering te doen, is onder andere besig met hermeneutiese besinning met die oog op die studie van tersaaklike Skrifgedeeltes. As vertrekpunt vir die studie geld die algemene hermeneutiese uitgangspunte wat reeds by vorige nasionale sinodes [1] gedien het. In die eksegeseproses het die deputate egter voor bepaalde praktiese probleme te staan gekom, wat duidelik verdere hermeneutiese besinning verg. Veral die volgende het na vore gekom: Hoe word daar in die eksegese onderskei tussen sentrum en periferie? En tussen indikatief en imperatief? Ook tussen wat preskriptief en wat bloot deskriptief is?**

1 Vergelyk *Handelinge van die 43ste Nasionale Sinode van die Geref. Kerke in SA.*, 1988, pp. 508-510 en *Handelinge van die 46ste Nasionale Sinode van die Geref. Kerke in SA.*, 1997, p. 586.

2 Venter, C.J.H. 1990. Indikatief en paraklese in die Pastorale Briewe. *In die Skriflig* 24(1) p. 2.

3 Ridderbos, H. 1950. De komst van het koninkrijk. Jezus' prediking volgens de synoptische Evangeliën. Kampen: J.H. Kok. p. 225-226.

4 Floor, L. 1974. Die indikatief en die imperatief in die prediking. *In die Skriflig.* p. 7-20.

5 Labuscagne, G.C.P. 1981. Die indikatief en imperatief in die prediking. 'n Eksegeties-homi-

Dit blyk egter dat die begrippe *deskriptief* en *preskriptief* nie in die hermeneutiek inslag gevind het nie. Wel word dit in die etiek gebruik, en dan ook nie altyd in dieselfde betekenis nie. De Bruyn[11] onderskei tussen *deskriptiewe* en *preskriptiewe etiek.* Deskriptiewe etiek gee bloot 'n beskrywing van mense se sedelike lewe; preskriptiewe etiek dui aan hoe mense se sedelike lewe moet wees. Hierdie gebruik van die begrippe *deskriptief* en *preskriptief* kan egter nie met hermeneutiese kategorieë in verband gebring word nie.

Daly[12] se gebruik van die terme lê nader aan kategorieë van Skrifinterpretasie. Hy gebruik die term *preskriptief* vir wat in die Bybel as direkte opdrag aan ons gegee is, en *deskriptief* in verwysing na wat hy noem teoretiese norme, dit wil sê wat algemeen van aard is. Heyns[13] onderskei ook tussen die twee kategorieë, maar verkies om te verwys na *blywende* (universele) en *wisselende* (situatiewe) elemente van die Skrifopenbaring. Bepaalde Bybelse opdragte geld alleen vir die situasie wat in die Skrif gegee is en is nie op ander situasies direk van toepassing nie. Sulke opdragte is wisselend of deel van die "situatiewe wil van God". Maar God gee ook onmiskenbaar vaste opdragte "wat bó die wisseling van tye en situasies uitgaan". Sulke opdragte sou dan preskriptief wees.

Hoewel daar in die etiek beslis ruimte bestaan vir 'n onderskeid tussen wat *deskriptief* en wat *preskriptief* is, moet hierdie terme met groot omsigtigheid in die Bybelse hermeneutiek gebruik word. Die gebruik daarvan kan maklik lei tot 'n skeiding tussen minder gesagvolle (bloot deskriptiewe) en meer gesagvolle (preskriptiewe) Skrifdele. Ook kan dit die indruk skep dat sekere Skrifuitsprake bloot tydgebonde is terwyl ander bo die tyd verhewe is[14].

Om by hierdie gevaar verby te stuur, is daar reeds in die Hermeneutiek verskeie ander uitdrukkings gebruik. Greijdanus[15] maak 'n onderskeid tussen *die Woord van God in formele sin* en *die Woord van God in materiële sin.* Eersgenoemde verwys na Skrifdele waarin God ons dinge meedeel wat teen sy wil ingaan (byvoorbeeld die woorde van Satan in Genesis 3:1); laasgenoemde bevat die eie woorde van God. Beide word met eweveel Goddelike gesag meegedeel. Die gevaar van hierdie onderskeid is egter dat in die eksegese die Skrif ten opsigte van vorm en inhoud geskei kan word. Daarom is dit beter om van enige vorm-inhoud-skema weg te stuur.

Greijdanus[16] maak dus self eerder gebruik van die begrippe *auctoritas historae* (historiese gesag) en *auctoritas normae* (normatiewe gesag). Skrifdele waarin sake meegedeel word wat nie bedoel is om deur gelowiges nagevolg te word nie, het slegs historiese gesag. Dit is Skrifdele waarin die wese van die sonde en die mens in sy gevalle toestand vir ons beskryf word en wat as waarskuwing vir ons opgeteken is. Skrifdele waarin God regstreeks, of deur bemiddeling van engele of mense, sy denke of wil of werke openbaar, het egter ook normatiewe gesag. In sulke Skrifdele maak God aan ons bekend wat ons oor Hom en sy skepping moet dink en glo, hoe ons moet optree, en hoe ons gedagtes en gesindheid behoort te wees[17].

Velema[18] wys op die gevaar daarvan om die Bybel in verskillende "lae" van gesag in te deel. Hy huiwer byvoorbeeld om te onderskei tussen Skrifdele met historiese gesag, heilsgesag en paranetiese gesag. Die gevaar lê egter nie soseer in die onderskeiding van hierdie kategorieë nie as in die dikwels gepaardgaande idee van 'n "hiërargie van geldigheid". Daarom behoort daar by die onderskeid tussen historiese en normatiewe gesag gewaak word teen enige idee van 'n gesagsrangorde.

## Die begrippe sentrum en periferie

Die begrippe *sentrum* en *periferie* word in sowel die dogmatiek as die hermeneutiek gebruik. In die dogmatiek is die vraag na die sentrum (skopus) van die Skrif as geheel 'n belangrike kwessie; in die hermeneutiek gaan dit oor die sentrum (skopus) van 'n bepaalde Skrifdeel (perikoop, teks).

### *Sentrum en periferie in die Skrif*

Hoewel *sentrum* en *periferie* eg twintigste eeuse terminologie is, is reeds van die vroeë kerkvaders af geworstel met die vraag na die sentrale Skrifwaarhede. Juis hieruit het die vroeë belydenisse (konfessies) gestalte gekry[19]. In die tyd van die Reformasie het Luther en Calvyn die beskouing gedeel dat Christus die sentrum van die Skrif is. Luther het egter die Christologiese sentrum vereng tot die soteriologiese, terwyl Calvyn meer klem gelê het op die ware kennis van God wat in Jesus Christus aan ons geopenbaar is[20].

In die Skrif was Luther by uitstek op soek na *"was Christum treibet".* Jesus Christus is die doel, die intensie, die gerigtheid van die geskrewe Woord. Vanuit hierdie *skopus* wat volgens hom die evangeliese sentrum is, het Luther allerlei kritiek op die Bybel uitgeoefen[21]. By sy latere volgelinge het dit daartoe aanleiding gegee dat hulle dit wat nie deel van die evangeliese *sentrum* van die Skrif uitmaak nie, as *periferie* eenkant toe geskuif het. Dit het gelei tot die idee van 'n kanon binne die Kanon.

By Calvyn staan voorop dat die Heilige Skrif aan ons gegee is om God daardeur te ken. Omdat God Hom juis in Christus openbaar, staan Christus in die sentrum van die Skrifopenbaring. Calvyn handhaaf dus ook, net soos Luther, 'n Christologiese sentrum van die Skrif, maar sonder om die aksent op die verlossing te plaas. Calvyn se Christosentriese benadering is dat die mens in en deur Christus kom tot kennis van God se heerlikheid. Hy het dus eerder 'n teosentries-Christologiese benadering, of 'n Christosentries-teologiese benadering[22].

Vir Calvyn is die uiteindelike doel (*skopus*) van die Skrifopenbaring om God te ken en sy Naam te vereer[23]. Hoewel Christus die sentrum van die

letiese studie toegespits op die Galasiërbrief. Th.M.-verhandeling. PU vir CHO. p. 3.

6 Venter, 1990, p. 6.

7 Ladd, C.E. 1977. A theology of the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans. p. 524-525.

8 Lategan, B.C. 1984. Die Pauliniese etiek. (*In* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament V. Pretoria: NG Kerkboekhandel, p.323-324).

9 Vergelyk onder andere Ridderbos, 1950; Ladd, 1970 en Lategan, 1984.

10 Venter, 1990, p. 2-3.

11 De Bruyn, P.J. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand: Varia. p. 11.

12 Daly, J.D. 1984. Christian Biblical ethics. From Biblical revelation to contemporary Christian praxis: method and content. New York: Paulist Press. p. 75, 131.

13 Heyns, J.A. 1982. Teologiese Etiek. Deel I. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 166.

13 Heyns, 1982, p. 157.

14 Greijdanus, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring en historisch overzicht over theorieën en wijzen van Schriftuitlegging. Kampen: J.H. Kok. p. 118.

15 Greijdanus, 1946, p. 119 en Grosheide, F.W. 1929. Hermeneutiek ten dienste van die bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam : Van Bottenburg. p. 36.

16 Greijdanus, 1946, p. 120.

17 Velema, W.H. 1990. Oriëntatie in de christelijke ethiek. 's-Gravenhage: Boekencentrum B.V. p. 55.

18 Denkema, H. 1973. Die betroubare woord. 'n Ondersoek na die aard van die Skrifgesag. D.Div.-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika. p. 221-230.

19 Denkema, 1973, p. 233.

20 Denkema, 1973, p. 231.

Skrif is, verplaas dit nie Skrifdele wat nie direk van Hom getuig na 'n (negeerbare) periferie nie. Inteendeel, elke Skrifdeel is belangrik ten einde ons by Christus uit te bring sodat ons deur Hom God kan ken en Hom kan verheerlik. Gevolglik is daar by Calvyn geen gevaar van 'n kanon binne die Kanon nie.

In die twintigste eeu is hierdie beskouing van 'n teosentries-Christologiese benadering in die Gereformeerde teologie voortgedra deur H. Bavinck en deur G.C. Berkouwer. Berkouwer stel dit duidelik dat die handhawing van Christus as sentrum/ skopus van die Skrif nie beteken dat *vorm* en *inhoud* van mekaar geskei word, so asof die vorm (wat daar geskrywe staan) opsy geskuif moet word ten einde na die eintlike kern-openbaring (Christus) deur te dring nie. Hy wys op die gevaar om Christus oral - in elke teks of perikoop - te probeer "ontdek". Tog, al kan Christus nie in elke teks aangewys word nie, is elke teks tog deel van die Skrifopenbaring met sy teosentries-Christologiese sentrum[(24)].

Die woorde van die apostel Paulus in 1 Korintiërs 2:2 gee 'n duidelike aanduiding van die skopus van die Skrif. Paulus het hom naamlik voorgeneem "om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde". Daarmee sê hy dat alles wat hy geskryf het, Christus as sentrum het. Dit geld ook vir die dele waarin Christus nie direk aangewys kan word nie[(25)]. Die onderskeid tussen sentrum en periferie steun hoegenaamd nie 'n dualistiese Skrifbeskouing, so asof sekere tekste en perikope as minder belangrik of selfs as oorbodig beskou word nie. Dit beteken slegs dat sekere Skrifdele skerper op Christus gefokus is as ander[(26)].

### *Sentrum en periferie van 'n teks*

Uit bogenoemde is dit duidelik dat elke Skrifdeel deel uitmaak van die heilsboodskap waarvan Jesus Christus in die sentrum staan. Daarom kan daar nie onderskei word tussen tekste wat van Christus getuig en tekste wat nie van Hom getuig nie. Veel eerder kan daar onderskei word tussen tekste wat skerper op Christus gefokus is en die wat nie so skerp op Hom gefokus is nie.

So kan daar ook in elke Skrifdeel/perikoop/teks onderskei word tussen sentrum en periferie. Hoewel die sentrum van elke teks nie losgemaak kan word van die sentrum van die Skrif as geheel nie, kan dit ook nie sonder meer daaraan gelykgestel word nie. Hoewel elke teks op een of ander wyse aan die teosentries-Christologiese Skrifsentrum verbonde is, het dit ook 'n eiesoortige fokus op die openbaringsentrum van die Skrif. En juis daardie eie fokus vorm die openbaringsentrum van elke teks/ perikoop.

Daarom is daar in elke perikoop 'n sentrale openbaringsfokus, wat getipeer kan word as *sentrum* en omliggende dele, wat as *periferie* getipeer kan word. Van Bruggen[(27)] verkies om te verwys na *hoofsaak* en *bykomende sake*. Al is die sake wat op die periferie staan, bykomend van aard, is dit allermins oorbodig, want op een of ander wyse hou dit verband met die perikoop-sentrum. Die perikoopsentrum is juis sentrum omdat dit deur die periferale sake ondersteun en geaksentueer word. Daarom moet die *periferie* van 'n teks nie beskou as dit wat op 'n afstand staan of geplaas kan word nie, maar slegs as dit wat nie self *in die sentrum* staan nie.

## Die verhouding tussen die onderskeie begrippare

Dit blyk dat die *indikatief* van die Skrif in 'n groot mate ooreenkom met wat gewoonlik as die *sentrum* van die Skrif beskou word: die geopenbaarde werklikheid waarin Jesus Christus sentraal staan, 'n werklikheid wat sê Wie God is, wat Hy doen en wat Hy vir ons en in ons doen. Hierdie indikatief staan ook sentraal in die doel (*skopus*) van die Skrifopenbaring, soos bely word in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, naamlik dat God Hom deur sy Woord aan ons bekend maak, "en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort".

Die *skopus* van die Skrifopenbaring is egter nog meer omvattend. Dit omvat ook die *imperatief* wat *preskriptief* in die Skrif aan ons geopenbaar word, naamlik die bevel of die eis van God aan die mens, of soos artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit noem: "die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word". Skrifdele wat God se *imperatief* aan ons openbaar, is Skrifdele wat met *normatiewe gesag* spreek.

Dit is egter nie net imperatiewe (preskriptiewe) tekste wat met normatiewe gesag getuig nie. Ook die indikatief-tekste spreek met normatiewe gesag. Die Skrifdele waarin God aan ons bekend maak wat ons oor Hom en sy skepping *moet glo*, is immers ewe normatief as die dele waarin Hy bekend maak wat ons *moet doen en dink*[(28)].

Ook tussen *indikatief* en die *imperatief* bestaan daar 'n noue verband. Labuscagne[(29)] beskryf hierdie verband soos volg: "Dit is van die grootste belang om die onlosmaaklike verhouding tussen indikatief en imperatief ... reg te verstaan. Deurgaans rus die imperatief ... in die indikatief. ... Die imperatief volg altyd konkluderend op die indikatief".

Skrifdele wat nie in die sentrum staan nie (en dus as *periferie* beskryf kan word) staan nie los van die sentrum nie, maar is bykomstig en ondersteunend daartoe. Hierdie Skrifdele spreek met *historiese gesag* van sake wat juis die nodige toeligting en inligting gee om die Openbaringsentrum van die Skrif des te beter te begryp. Aangesien die term *periferie* egter die indruk mag skep van iets wat verwyderd staan of onbelangrik is, is dit myns insiens beter om in die Hermeneutiek eerder die term *bysaak* te gebruik[(30)]. Ten einde verwarring te voorkom met die *sentrum (skopus)* van die Skrifopenbaring, is dit myns insiens ook beter om in die Skrifeksegese nie na die *sentrum (skopus)* van die teks te verwys nie, maar na die *fokuspunt* of die *hoofsaak*.

21 Grosheide, 1929, p. 37.
22 Denkema, 1973, p. 237.
23 Denkema, 1973, p. 248-251.
24 Denkema, 1973, p. 258.
25 Denkema, 1973, p. 261.
26 Van Bruggen, J. 1981. Het lezen van de Bijbel. Kampen: Kok. p. 96.
27 Greijdanus, 1946, p. 120.
28 Labuschagne, 1973.
29 Van Bruggen, 1981, p. 96.
30 Van Rooy, H.F. 1997. Moet jy nou praat of moet jy swyg? Gedagtes na aanleiding van Spreuke 26:4-5. Rede uitgespreek by die promosieplegtigheid van die Teologiese Skool Potchefstroom. 16 November 1997. p. 12vv.

[31] Coetzee, J.C. 1995. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Part 1: Hermeneutical rules. Potchefstroom: Mini Publishers. p. 10-11.

Samevattend: Dit blyk dat die begrippe *indikatief* en *imperatief* so in die hermeneutiek gebruik kan word dat *indikatief* na die Skrifgeopenbaarde werklikhede waarin ons **moet glo**, verwys, en *imperatief* na die Skrifgeopenbaarde werklikhede wat ons **moet doen**. Verder kan daar in die Hermeneutiek onderskei word tussen *fokuspunt* en *bysaak* binne 'n afgebakende Skrifdeel (teks). Die fokuspunt van 'n teks kan óf indikatief óf imperatief wees, na gelang van die aard van die betrokke teks.

### Direkte Skrifuitsprake en Skrifperspektiewe

Bogenoemde onderskeidings moet gewoonlik by wyse van afleiding uit die Skrif gemaak word. Met ander woorde, die Skrif dui nie orals direk aan dat dit hier imperatief en daar indikatief is nie. So ook is daar baie ander sake waaroor daar nie direkte of eksplisiete uitsprake in die Skrif te vinde is nie[31]. Dit wil egter nog nie sê dat die Skrif geen perspektief daarop bied nie.

Coetzee[32] dui volgens 'n glyskaal die variasie aan tussen terreine waaroor die Skrif hom direk uitspreek en sake waaroor die Skrif geen direkte uitsprake gee nie, maar wat bloot by wyse van afleiding perspektiewe uit die Skrif gehaal kan word. Afleidings, of dan interpretasies, kan egter nie maar willekeurig gemaak word nie, maar daar moet rekening gehou word met die breë openbaringslyne van die Skrif. Daarom behoort interpretasies van die Skrif te geskied volgens bepaalde hermeneutiese riglyne.

---

AKTUEEL

# POMO - die goue kalf

**ALA Buys**, Piet Retief

Die Amerikaners kort mos alles af. Hulle gebruik 'n akroniem vir **po**st-**mo**dernisme naamlik pomo. Post-modernisme hoe veelkleurig en veelvormig ookal het in ons tyd 'n nuwe godsdiens geword, 'n nuwe goue kalf. Hierdie stelling kan veral bewys word met die onlangse boek van prof. Willem de Klerk. Hy het 'n boek by Human en Rousseau die lig laat sien getiteld: "'n Vreemde God en sy mense". In die boek bepleit hy 'n nuwe beeld van God en 'n nuwe beeld van die Bybel.

Oor die boek, soos trouens oor Willem de Klerk self, bestaan daar min neutraliteit by lesers en resensente. Oor sy blitsverkoper is daar of lofgesange of walgkrete. Die boek wil 'n oplossing bied vir mense wat hulle tans van die kerk en van God vervreemd voel. Hiervoor span De Klerk twee gedagtes in naamlik dat die vreemdheid van God erken moet word en die gedagte om ander openbaringsinstrumente naas die Woord te hê.

## Vreemd

Die eerste groot gedagte is dat die mens nie moet maak asof God en sy openbaringe verstaanbaar is nie. Vir hom is dit nie so eenvoudig om te sê die Bybel is die Woord van God nie en die Heilige Gees praat met ons deur die Woord nie. Dit sou 'n starre dogmatiese standpunt handhaaf wat in ons post-modernistiese tyd heeltemal uitgedien en onprakties is. So 'n Skrifbeskouing, dat die Bybel die Woord is, versterk juis die post-moderne mens se vervreemding omdat hy te doene kry met 'n harde God wat verkies en verwerp, wat eensydig voorskryf en die mens nie konsulteer in sy besluite oor die mens nie. Hy sê dat dit juis gevaarlik is om God se vreemdheid weg te doesel met halfgebakte teorieë soos die voorafgeprogrammeerdheid van die uitverkiesing, of dat die Bybel regtig woordeliks die Woorde van God is, omdat dit jou nooit bring tot daardie gewaagde gewaarwording om deel te neem aan wie God eintlik vir jou is nie. Ons moet ons opsies oophou, daarom moet twee kontrasterende teenoorgesteldes juis saam die waarheid vorm. Van God alleen kan ons niks goeds (eensydig) verwag nie. Moed moet aan die dag gelê word om te erken God is heeltemal anders. Geen eensydighede kan meer geduld word nie.

In hierdie opsig wil De Klerk eenvoudig nie meer sy ore glo nie. Hy het afstand gedoen van die gereformeerde geloofs-gehoorsaamheid. Hy wil saam-sê; hy wil deel hê aan God se toespraak met die mens. Daar is volgens hom in die Bybel verpakkings van goddelikheid. God praat nie en ek moet luister nie - ander (antieke ou) mense praat oor God en hulle belewing van God, en ek kan nou (post-modern nuut) saam met hulle praat oor hulle en my God. Ek kan hulle beskrywing gebruik om my eie beskrywing van God op te stel, my eie beeld van God uit te kerf. Hierin hoef ek nie gebind te wees aan wat letterlik in die Bybel staan of aan die belydenisskrifte as opsomming van die waarheid van die Woord nie, want die geskrifte is per definisie maar ander mense se verstaan van ander mense se verstaan.

De Klerk wend geen poging aan om hom te verweer teen eksegete wat "sê wat daar staan" nie. Vir hom staan dit (die waarheid wat nou saam-gestel moet word) nie DAAR (in die Bybelteks) nie, maar HIER in my eie leefruimte. Godsdiens word vir hom 'n heerlike spel om 'n tapisserie in jou lewe saam te stel oor wie ons nou dink die vreemde God eintlik vir ons is. Die rol van die predikant in hierdie borduurdery is nie om te verkondig "so sê die HERE" nie, (want hoe kan hy immers self nie weet wat hier aangaan nie), maar sy taak is om saam vrae te vra en saam dapper te erken: ek twyfel want ek hoor nie, al wat ek het is om saam te stem (praat) oor 'n vreemde God met ander vreemde mense. Die predikant mag nie op die gemeente skree oor verdoemenis en straf nie, die post-moderne mens kry swaar genoeg, hy wil nie nog bangmaak stories hoor nie.

## Ander openbarings

Die tweede idee wat De Klerk gebruik, en dit is 'n logiese uitvloeisel daarvan om jou in God se vreemdheid te verlustig is om ander instrumente te ontplooi wat mens bystaan in jou soektog na God en geluk. Hier delf De Klerk in sy gesonde verstand en veral die psigo-analise. Naas die sielkunde moet ons ook kyk hoe en wat ander godsdienste oor God sê en voel. Daarom is argeologie en selfs mitologie so belangrik vir goeie godsdiens. 'n Vraag op sy lippe is of dit nie maar dieselfde God is wat al die godsdienste voel nie ?

Om twyfel te deel (met vervreemde mense) en om deel te neem (aan God se sê-goed) is 'n pilaar van De Klerk se nuwe godsdiensbeeld. Om Jesus Christus, die Beeld van die onsigbare God (Kol 1:15) aan ander mense mee te deel, sou eensydig eksklusiwisties wees. 'n Nuwe beeld van God, wat die mens self saamgestel het is nou nodig. Dit herinner sterk aan die volk Israel wat net na die uittog uit Egipte nie tevrede was met God se openbaring soos hulle dit ontvang het nie. Hulle wou op hulle eie manier deelneem aan hoe God Homself openbaar. Dus maak hulle 'n goue kalf en waag dit om te sê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het". Aaron het selfs uitgeroep: "Môre is daar fees tot eer van die HERE" Eks 32:4-5. (Maar hieroor volgende maand meer).

## Sterflikheid

De Klerk wil nie net sy twyfel (uit)deel nie, hy vind troos in die mens se sterflikheid. Die sin van die lewe lê vir hom nie in gehoorsaamheid nie, maar juis in sterflikheid. Hoe voel ander mense oor dieselfde nood en dood wat ek beleef, wat kan ek by hulle oorneem en nasê wat my sal troos en beter sal laat voel. Terwyl Godsopenbaring vir De Klerk onverstaanbaar, onbegryplik, onverklaarbaar, ondefinieerbaar - in een woord **vreemd** is, is sonde en smart vir hom verstaanbaar, begrypbaar - **bekend.** Dit is op hierdie punt waar 'n groot punt van kritiek teen De Klerk se stanpunt lê. Eg post-modern het hy die dinge op sy kop gedraai. Nie meer is God se openbaring vertsaanbaar nie, dit word vreemd, en nie meer is sonde onverstaanbaar en vreemd aan die geskape mens nie, die sonde word nou die begrypbare element. Soveel so dat ons eintlik moet weg doen met die term "sonde", omdat ons mekaar se sondes gaan begryp en daarmee simpatiseer, maar ook - en die is die groot voordeel van pomo die nuwe goue kalf - daardie nuwe beeld van sy god verstaan ook die sonde. Pomo se liefde word nou so oorheersend dat van oordeel en hel en sonde bykans niks oorbly nie.

Verdere kritiek op De Klerk se boek kan vele dinge inhou. 'n Waarskuwing sal nie onnodig blyk nie. De Klerk is 'n deurtrapte (vertrapte ?) post-modernis - en hy wil dit wees. Niks wat die gereformeerdes aan hom sal sê sal hom roer of raak nie. Hy weet dit, Hy het dit eers geglo en gepreek, maar nie meer nie. 'n Nuwe beeld is geskep, met nuwe reëls (noem dit tog net nie wette nie), met nuwe aanbidders, wat in die Naam van die HERE God, 'n goue kalf gekonstrueer het. Die hele kwessie, soos wat De Klerk te reg sê, gaan oor Skrifbeskouing.

Die gereformeerde word juis beskerm teen die vervreemding van God en sy volk deur te bely dat die Bybel die Woord van God is en dat die Heilige Gees (en nie ons gesonde verstand) dit vir ons uitlê. Ons bely dat God onnoemlik groot is en dat sy openbaring deur sy Beeld, Jesus Christus baie diep en ryk is - maar dit beteken hoegenaamd nie dat God en sy openbaringe onverstaanbaar is nie. 'n Waarskuwing dat ons De Klerk nie moet volg in sy nuwe pomo goue kalf godsbeeld nie vind ons in Heb 6:4 "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie Woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het - om diè weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak".

Wie De Klerk in sy post-modernisme volg loop die dood tegemoet. As De Klerk glo wat hy in sy boek geskryf het, het hy die ware Christus-like godsdiens verlaat. Hy het 'n nuwe godsbeeld gekies wat by sy verstaan van die sonde pas. Hy praat nog van 'n god, maar dit is nie meer die Vader van Jesus Christus, wat die Beeld van God is, nie. Wie ore het ....

# HOU VAS WAT JY HET (1)

### REAKSIE OP 'TWEE STROME'-ARTIKELS

**Dr JG Meijer**, Pretoria

*Onenighede in Die Gereformeerde Kerke in ons land  Dit is die tema wat professor JM Vorster in* Die Kerkblad *van 29 April aan die orde stel. Dr CJ Smit sluit daarby aan in die uitgawe van 27 Mei. Ek glo nie dat dié twee artikels ons nood en ellende reg en grondig peil en ons sodoende tot ware verootmoediging voor God se majesteit lei nie. Ek glo ook nie dat die pad wat die twee broeders wys, die skriftuurlike weg is vir bewaring van die eenheid van die Gees deur die band van die vrede nie. Waarom vind ek die inhoud van die genoemde artikels ongeloofwaardig? En waartoe roep die HERE ons dan wel in die bestaande onenighede? Hierdie twee vrae word in my reaksie op die 'twee strome'-artikels aangespreek.*

## Skrifgesag

Daar is talle sake waaroor gedagtes en oordele in ons kerkverband uiteenloop. Professor Vorster noem die volgende: gebruik van kelkies by die nagmaal, die kwessie van die vrou in die amp, die eenheid van die kerk bo kultuurverskeidenheid, die ondersteuning van 'n handves van menseregte op die politieke terrein, Sondagviering, die twee Bybelvertalings, ons politieke bestel, onderwys en die vorm van die erediens.

Is die uiteengaande gedagtes en oordele 'n aanduiding van prinsipiële verskille? Die professor vra: "Is Skrifgesag in die gedrang?" Sy antwoord lui: Nee, glad nie. Klagte oor ondermyning van die Skrifgesag word wel in ons midde gestel, maar nie met duidelike bewyse gestaaf nie. Ons verskil in die kerkverband nie oor die gesag van die Skrif nie, maar slegs oor die interpretasie van die Woord.

Prof. Vorster vestig ons aandag verder op 'n vaste patroon wat hy 'ontdek' het. Hy herlei al die onderling botsende gedagtes en oordele in die kerke tot twee gedagtestromings, 'n tradisievaste en 'n vernuwende stroom. Daar bestaan volgens hom 'n spanning tussen die konserwatiewe en progressiewe groeperings. Hy skryf: "Hierdie spanning word gevoed deur 'n gees van wantroue rondom mekaar se siening oor die gesag van die Skrif." Die verskille in ons midde berus volgens dr Smit wat prof. Vorster se artikel grootliks beaam, "op gevoel". Hy sê: Dit is "uit verdenking gebore", "het min met feite te make en baie met persepsie."

Die twee skrywers roep ons op om beskeie te wees, eie interpretasie nie te verhef deur dit as die waarheid voor te stel nie, die gees van wantroue deur onderlinge vertroue te besweer en deur samesprekings op die kerklike weg die eenheid van Die Gereformeerde Kerk in ons land te bewaar.

## Vrae

By die lees van die 'twee strome'-artikels ontstaan daar 'n hele aantal vrae: Is en word die gesag van die Skrif in ons kring werklik nie ondermyn nie? Ontbreek duidelike bewyse van aantasting van dié gesag? Vloei al die uiteenlopende oordele in Die Gereformeerde Kerke uit 'n konserwatiewe en progressiewe gedagtestroom voort? Heers daar 'n gees van wantroue in die kerke? Is gereformeerdes behep met persepsies? Wat van die twee broeders se opmerkings oor interpretasie in verband met die helderheid van die Skrif? Kortom: Word die kerke van ons Here op die pad van voortgaande reformasie deur die 'twee strome'-artikels ondersteun en gestimuleer? Die antwoorde op hierdie vrae bepaal die waarde van dié twee artikels.

## Reaksie: waartoe?

My reaksie op prof. Vorster en dr Smit se artikels beoog twee dinge: volstrekte eerbiediging van die Skrifgesag en handhawing van die Skrifgeloof in ons midde. Altwee is fundamenteel. Christus vergader sy kerk op die fondament van apostels en profete, die Woord van God. Ondermyning van Skrifgesag lei die volk van God van die kerk se fondament af weg. Dit is bou van 'n 'kerkhuis' op sand in plaas van op die Rots.

Aantasting van Skrifgeloof laat die sekerheid en daarmee die blydskap van die geloof wegkwyn. Die eenheid van geloof word vervang deur verdeeldheid wat gepaard gaan met verdraagsaamheid in stryd met die Skrif. Elke kerk en lidmaat doen wat goed is in sy oë. En elkeen tolereer die ander se 'standpunt'. Aantasting van Skrifgeloof maak die volk van God onbekwaam vir die eensgesinde en Woordgetroue diens in sy koninkryk.

## Drie feite

Die gesag van die Skrif is en word volgens prof. Vorster en dr Smit nie in ons midde aangetas nie. Prof. Vorster merk op: "Ten spyte van talle bewerings in dié verband ontbreek duidelike bewyse steeds." Dr Smit stem saam: "Die feit is, soos prof. Vorster aandui, dat niemand hier of oorsee tot nog toe aangetoon het waar en hoe enige predikant of professor in die GKSA 'n Skrifkritiese beskouing huldig nie. Ons moet dus aanvaar dat die konsentrasie van verskil in beklemtoning in die GKSA tot nou toe nie aan 'n verskil in Skrifbeskouing te wyte is nie."

Wat is die feite? Ek volstaan hier met enkele kort verwysings na gebeurtenisse waaroor reeds uitvoerig in 'n boekie geskryf is. Die titel daarvan word hieronder verstrek. Feit een: Die redaksie van ons gereformeerde teologiese tydskrif *In die Skriflig* het twee artikels aanvaar. Dit is in 1992 gepubliseer. Hierdie artikels handel nie oor die uitleg van enkele tekste nie, maar oor die bekouing van die Skrif as 'relasionele waarheid'. Die Bybel het slegs gesag vir sover die leser dit bepaal en aanvaar. Die absolute Skrifgesag word vervang deur 'aanvaarde gesag'. Ds WC Vergeer het bewys dat hierdie Skrifbeskouing strydig is met die Skrifgeloof soos die kerke dit bely. Sy weerwoord het in die laaste nommer van dieselfde tydskrif in 1993 verskyn.

Feit twee: 'n Klassis rig via die partikuliere sinode 'n beswaarskrif aan die sinode van 1994. Dié beswaarskrif is in die *Handelinge* van die sinode opgeneem en aan alle kerkrade gestuur. Die eerste deel van die beswaarskrif bevat 'hermeneutiese uitgangspunte', beginsels vir die luister na, die verklaring en die verstaan van die Skrif. Prof. GJC Jordaan lewer in *Waarheid en dwaling* die bewys dat hierdie Skrifbeskouing strydig is met die Skrifgeloof wat ons onder meer in artikels 2-7 van *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* bely. Sy twee artikels verskyn in 1994 en 1995. Hy sluit sy publikasies af met die indringende waarskuwing: "Ons gereformeerde belydenis vra" in die geval van ondermyning van die Skrifgesag "nie toleransie of akkomodasie nie, maar reformasie."

Feit drie: Aangesien die artikels van prof. Jordaan nie weerlê word nie, besluit ek in die loop van 1995 om die kerklike weg te betree. Die kerke in die bogenoemde klassikale ressort ontvang 'n ope brief onder die titel *U kneg hoor*. Die brief, 'n boekie van veertig bladsye, word gestuur aan almal wat die sinode-acta ontvang het, aan alle kerkrade in die kerkverband. Die ope brief bewys met vers en kapittel waar en waarom die hermeneutiese uitgangspunte in die klassis se beswaarskrif van die Skrif en die belydenis afwyk. Die argumente word nie hier herhaal nie. Die brief is nog verkrygbaar.

## Aantasting van Skrifgesag en ontkerstening

Daar is op die pad van aantasting van die Skrifgesag geen stilstand nie. Wie dié pad betree en nie betyds daarvan terugkeer nie, raak vervreem van die Woord van die HERE en van die God van die Woord. Kerkgemeenskappe wat ondermyning van die Woordgesag tolereer, het die gereformeerde spoor heeltemal byster geraak. Twee paragrawe op bladsy 35 van my ope brief vertel waarop die aantasting van Skrifgesag en die toleransie daarvan uitloop. Dit lui as volg:

"Die Skrif word in die gedagtes van die moderne mens steeds meer ontgoddelik en steeds sterker vermenslik. So ontstaan daar vir hom die opening na die Bybelkritiek. 'n Man wat deur daardie opening heengegaan het en nie wil terugkeer nie, konstateer: 'Die groter openheid het 'n prys. Die Bybel neem in baie lidmate se geloofslewe 'n minder groot plek in as voorheen Jongmense is veel minder vertroud met die Skrif as die jeug van dertig jaar gelede.'

Daar bestaan 'n onlosmaaklike samehang tussen kritiek op die Bybel en ontkerstening van die lewe. Die geringste vorm van Skrifkritiek begin met die deursny van die enigste band wat ons aan die HERE verbind, sy geopenbaarde Woord. Die einde is die totale verwerping van die Skrifgesag, die wegwerp van die genade-middel waardeur die Heilige Gees die geloof in ons harte werk en versterk. Die pad van die Skrifkritiek eindig nie by nuwe kerke of sektes nie, maar by die totale ontkerstening van die lewe. Die toenemende kerklosheid, kerkloosheid en verwêreldliking na die Tweede Wêreldoorlog is hiervan die bewys."

Broeders wat teen die aantasting van Skrifgesag in ons midde waarsku, doen dit uit eerbied vir Hom wat spreek, asook met die oog op die ontkerstening waarop dit uitloop. Hulle vermaan: Stop dit by die begin. Bly bou op die fondament van die kerk, die Woord van God.

## Stilswye

Wat volg daar na die weerwoorde van ds Vergeer, prof. Jordaan en my? Drie maal een stereotiepe reaksie: Die inhoud van hulle artikels en my geskrif word nie bespreek of weerlê nie. Na die waarskuwings volg daar ook geen herroeping van enige betwiste standpunt met betrekking tot die Skrifgesag nie. Nee, net stilswye. Hierdie stilswye word nie deur prof. Vorster en dr Smit verbreek nie. Inteendeel, hulle verklaar sonder enige weerlegging van die bogenoemde bewyse: Duidelike bewyse

ontbreek. Hulle ontken eenvoudig dat die bewyse gelewer is. Hierdie swye kan nie in die lig van die Skrif geregverdig word nie.

Wat wil die Here hê as daar gekla word dat die gesag van sy Woord aangetas word? So 'n klag moet getoets word. "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh 4:1). "Verag die profesieë nie. Beproef alle dinge; behou die goeie. Onthou julle van elke vorm van kwaad" (1 Thess 5:20-22). Die Here roep ons nie tot doodswyg van sake nie, maar tot toetsing, tot broederlik uitpraat daarvan en - indien nodig - tot liefdevolle vermaan en teregwysing (2 Tim 3:16).

## Gevolgtrekkings

Vier gevolgtrekkings vloei uit die bostaande voort:

1. Die bewering dat duidelike bewys van aantasting van Skrifgesag in ons midde ontbreek, is in teenspraak met die feite.
2. Die negéring van die gelewerde bewyse is in stryd met die skriftuurlike eis tot toetsing daarvan in die lig van die Woord.
3. Ons broeders Vorster en Smit wat tot gesprek oproep, verleen medewerking aan die doodloop van die gesprek wat broeders in die pers en op die kerklike weg geopen het.
4. Die tipering van verskille in die GKSA as konserwatiewe en progressiewe 'strome', persepsie ensomeer lei die aandag van bewese aantasting van die Skrifgesag af.

Twee gedagtestromings in die kerke: 'n konserwatiewe en 'n progressiewe? Ongeag of hulle bestaan – dit het niks met die geskil oor die Skrifgesag te make nie. Konserwatiewes kan die Skrifgesag ondermyn, terwyl progressiewes die gesag van die Woord eerbiedig, en omgekeerd. Ly broeders wat teen ondermyning van Skrifgesag waarsku, aan persepsies, aan verbeelding en oordeelvorming wat nie op feite berus nie? Ek wil my graag bekeer, indien ten minste bewys word dat ek en ander broeders dié kwaad bedryf. Heers daar 'n gees van wantroue in die kerke? Daar is Een wat harte en niere en ons geeste beproef (Ps 26:2; 139:1,23-24). Laat elkeen wat skryf, dit biddende en in selfbeproewing doen en op die eer van onse HERE gerig bly.

## Nog drie feite

Die 'twee strome'-artikels is in die lig van die bostaande nie geloofwaardig nie. Dit help ons nie in die hedendaagse worsteling om ons "ooreenkomstig die suiwere Woord van God te gedra" en "alles wat daarmee in stryd is, te verwerp" nie (NGB, art. 29). Die ontkenning dat aantasting van die Skrifgesag bewys is, verhinder broeders wat dié gesag begin ondermyn, om hulle gedagtes in die lig van die Woord wat aan hulle voorgehou is, te toets. Dit stimuleer hulle selfs om sonder enige kerklike verhindering op die ingeslane pad voort te gaan.

Ek wys in hierdie verband op nog drie feite. Feit vier: Ds ALA Buys skryf na aanleiding van 'n publikasie van 'n professor die artikel "Middelmatige dwalings?" in *Waarheid en dwaling* van Februarie 1998.

Feit vyf: Die kerke uit die bogenoemde klassikale ressort wend hulle via die partikuliere sinode met 'n tweede beswaarskrif oor dieselfde saak tot die sinode van 1997. Die beswaarskrif is net soos die vorige een in die *Handelinge* van die sinode opgeneem. Die uitgangspunte vir Skrifverklaring kom weer ter sprake. Dit word bespreek in een van die artikels in die reeks "Op pad na sinode 2000". Die artikel sal in die lopende jaargang van *Waarheid en dwaling* verskyn. Die bewys word gelewer dat die eenheid van die Skrif nie in die beswaarskrif gehandhaaf word nie en dat die gesag van die Skrif nie genoegsaam geëerbiedig word nie. Die kerke in die genoemde klassikale ressort gaan sonder om die ope brief wat op hulle tafels gedeponeer is, enigsins te weerspreek, op die pad van aantasting van die gesag van die Woord voort.

Feit ses: Net voor die publikasie van dr Smit se artikel verskyn daar 'n artikel in die populêre tydskrif *Huisgenoot* van 21 Mei. Onder die titel "My eensame soeke na God" raak die outeur die volgende kwyt: Die Bybel is "'n menslike boek van geskrifte wat oor die eeue heen versamel is. Die skrywers vertel van hul geloof en hul verhouding met God. Daarom is die Bybel eintlik 'n versameling geloofsinsigte, getuienisse, ervarings en vertolkings." Die Skrif word as 'n versameling menslike woorde voorgestel. Die belydenis dat die Skrif Gods Woord is, word verloën. Wat van godsdienste buite die Christelike? Ons lees: "Hoewel daar diepgaande verskille is tussen die verskillende godsdienstige stelsels soos Hindoeïsme, Judaïsme, Islam, die Christendom en tradisionele stamgodsdienste, is daar voetspore van dieselfde God in almal van hulle." Afgode word as spore van God voorgestel. Die skrywer? Hy word aangekondig as "die oud-predikant en teoloog", prof. Willem de Klerk. Waarop loop sy Skrifbeskouing uit? Hy merk op: "Die nuwe gesprek oor godsdiens bring 'n oper, vryer klem op seksualiteit, sonde, lewensgenot, kerklikheid en godsdienstige misterie en sensitiwiteit."

## Eerbiedig die Skrifgesag

Mag ons gebede vir eerbiediging van die Skrifgesag vermenigvuldig. En mag die Here ons deur sy Gees lei sodat ons in ons persorgane en op die kerklike weg saam onder sy gesagvolle Woord bly buig en die ondermyning daarvan betyds weerstaan. Tot behoud van die broeders en veral van sy duur gekogte kerke in ons land.

# Die ongebore kind met 'n gebrek

**Dr JM Boon**, Pretoria

Dit is dikwels die vraag, ook onder gereformeerdes of die gebrek by 'n ongebore baba rede vir 'n aborsie is. Mag die ongebore baba geaborteer word as ons reeds voor geboorte weet van 'n slegte prognose van die baba of as 'n erflik oordraagbare siekte vroeg in swangerskap gediagnoseer word? Wat sê God se Woord? Is babas met gebreke ook verbondskinders? Kan ons na die ongebore baba verwys as 'n verbondskind? Wat is die taak van die ouers van 'n ongebore baba met 'n gebrek? Wat is die taak van die dokter en verpleegpersoneel?

Aan die einde van die twintigste eeu het verskeie ondersoeke op ongebore babas moontlik geword. Ja, die lewe in die baarmoeder het 'n pasiënt geword. Vandag kan die lewe waaroor vroeër nog gewonder is, gesien word mbv 'n sonar. 'n Ma en pa kan met elke opvolgbesoek die baba sien en die wonderlike werk van die HERE aanskou. Dit wat Dawid van geskryf het in Ps 139 is nou sigbaar op die sonarskerm. " Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef." Ps 139:13.

Daar kan ook defekte en siekte by die baba aangetoon word met behulp van ondersoeke soos 'n sonarondersoek. Defekte soos 'n afwesige nier, hartafwykings, anenkefalie ( afwesige brein) en ander genetiese afwykings kan aangetoon word.

Ander ondersoeke wat gedoen kan word is bv 'n amniosentese. 'n Naald word dan deur die ma se buikwand gedruk en 'n klein bietjie vrugwater getrek. Die vrugwater bevat onder andere epiteelselle van die baba se liggaam wat mens onder die mikroskoop kan ondersoek. So kan die DNA van die baba ondersoek word om vas te stel of daar enige genetiese afwykings is al dan nie. Hierdie ondersoek word veral gedoen om vir 'n Down sindroom baba (mongooltjie) té sif. Dit word gewoonlik met ander bloedtoetse gekombineer wat dan gesamentlik 'n risikofaktor kan uitwerk vir die moontlike bestaan van 'n Down sindroom baba. Hierdie babas het 'n afwyking op chromosoom 21. (die mens het 46 chromosome wat genetiese inligting bevat)

Deesdae kan genetiese afwykings selfs op embrios bepaal word. Dit kan gedoen word deur die embrios wat by in vitro fertilisasie betrokke is te ondersoek vir genetiese afwykings. Die bedoeling is dan om slegs daardie embrios wat "geen" genetiese defek het nie, in te plant. Die gebreklike embrios word nie ingeplant nie en sterf in die petribakkie. Dit word pre-inplantasie diagnostiek genoem.

Wat is die motivering agter al hierdie ondersoeke op die baba in die baarmoeder van sy ma?

Dit is hierdie vraag wat elke gelowige moet afvra as die dokter bv een van hierdie ondersoeke wil aanvra. Gewoonlik is dit die motivering: "Mevrou, as daar 'n gebrek by die baba is kan ons nog moontlik betyds 'n aborsie doen." Die volgende word dan aangevoer as redes vir die aborsie:

1. Die lewe wat die gebreklike kind tegemoet gaan is vreeslik. Die kind sal hom of haarself nie ten volle kan ontplooi nie.
2. Dit is ongewens vir die ma en die res van die gesin om 'n gebreklike kind te hê.
3. Gebreklike kinders is in feite 'n las vir die samelewing.

Daar is egter soms ook ondersoeke nodig vir die beswil van die moeder en ongebore kind. Dit is die dokter se preisterlike taak om so goed moontlik om te sien na die ma en kind. Dikwels is die sonar dan baie nuttig om die korrekte ouderdom van die baba te bepaal. Ander bloedondersoeke soos om die bloedgroep van die ma te bepaal is belangrik om maatreëls te tref indien daar 'n probleem mag wees. Daar kan deesdae al sekere gebreke by die baba reeds in die baarmoeder herstel word, soos bv sekere hartafwykings. Dit is egter nog nie in Suid Afrika moontlik nie en is nog baie eksperimenteel waar dit gedoen word.

Dit is dus nog nie prakties moontlik om terapeuties in te gryp by 'n defek van die baba nie.

Daarom is dit nie werklik geregverdig om uitgebreide voorgeboorte ondersoeke op die baba te doen nie.

Dit mag in die toekoms moontlik word, maar dan sal ons ondersoeke wat omkeerbare gebreke vasstel moet doen met die oog op herstel daarvan, en nie met die oog om 'n gebrekkige ongebore kind te aborteer nie.

Indien die motivering agter die ondersoeke is om 'n gebrek vas te stel wat dan moontlik tot 'n aborsie kan lei, moet dit afgewys word.

Die vraag is verder of dit wys is om hierdie gebrek vooraf te weet indien 'n aborsie nie oorweeg word nie. Is dit werklik medies verantwoordbaar om 'n gebrek voor geboorte te weet? Wat gaan die ouers met die inligting maak? Miskien kan hulle hul dan al vooraf voorberei op die moontlike versorgingstaak van 'n kindjie met 'n gebrek waarvoor die HERE hulle roep. Die vraag is of dit nie die lyding swaarder sal maak nie?

Hierdie versorgingstaak sal ook met geboorte van so 'n kindjie blyk. Ouers kan hierin die belofte van die HERE omhels dat Hy ook met die roeping die krag daarvoor sal gee.

Daar is ook 'n geringe kans dat die diagnose foutiewelik gemaak kan word. Sekere ondersoeke soos 'n amniosentese het ook komplikasies. Daar is 'n 1% kans op 'n aborsie agv 'n amniosentese.

Daarom moet die doen van voorgeboorte ondersoeke waar dit gaan om die vraag: "Sal ons 'n normale of gebreklike kindjie hê?", afgewys word.

Ook as die risiko groter is, bv by ouer moeders en ouers waar geneties oorerflike siektes voorkom. Dit is nie nodig om 'n gebrek vooraf te weet nie. Ons kan rustig ons sorge aan die HERE voorlê. Hy laat immers alles vir sy kinders ten goede meewerk.

Ons het in 'n vorige artikel gesien dat die HERE reeds die ongebore kind roep. Ons kan praat van die roeping van die ongebore kind. (Jes 49:1, Jer 1:5) Ja, reeds voor konsepsie van die kindjie het die HERE al 'n roeping en lewenstaak aan hierdie kindjie verbind. Die Here het sy verbond gesluit met Abraham en sy nageslag. Kinders van verbondsouers is dus verbondkinders. Die Here het reeds in die baarmoeder die nuwe lewe aangeneem as sy kind. So ontstaan die verbond eensydig van God se kant alreeds by konsepsie. As die kindjie gebore is verseël die |HERE sigbaar aan hierdie kindjie sy verbondsbeloftes by die doop. Dit is die teken dat die HERE hierdie kindjie reeds in die baarmoeder aangeneem het as sy verbondskind en reeds in die baarmoeder sy verbondsbeloftes aan hierdie kindjie wil verbind.

Verder staan ongebore verbondskinders onder die verlossingswerk van Jesus Christus wat ook die volle 9 maande in die baarmoeder van sy moeder gelewe het.

En wat van die gebreklike kindjie? Wat van die anenkefaal (afwesige breinontwikkeling) ? Kan ons bely dat hierdie kinders van gelowige ouers ook verbondskinders is? Het die HERE 'n doel met hul lewe? Is daar 'n roeping aan hierdie lewe verbind?

Die antwoord is sonder twyfel **ja.** Christus leer ons in Joh 9 van die blindgebore man waarin die werke van God openbaar moes word. Hierdie man het 'n duidelike taak van God gehad. Sodat Christus die werke van God in hom kon openbaar. Christus is die Lig van die wêreld. Hy genees die blinde en hy sien weer. Christus illustreer God se almagtige hand en wys dat Hy ons wat blind deur die sonde is, weer die Lig laat sien.

God verbind ook aan die mees gebreklike kind 'n lewensroeping. Al is dit om aan die moderne mens te sê dat die lewe onvolmaak is en verlossing in Christus nodig is.

Juis hierdie belydenis is vandag baie nodig.

Lewenskwaliteit is nie 'n selfverwesenliking volgens die moderne mens se standaarde nie. Nee dit is om God te loof, in watter graad van gestremdheid ookal.

Ongebore kindjies met gebreke is ook verbondskinders. God verbind ook aan hulle in die baarmoeder sy beloftes, ook die belofte van die ewige lewe.

Glo ons dat hierdie gebreklike kind, wat miskien slegs in die baarmoeder van die ma gelewe het en na geboorte dadelik

sterf, ook volkome deur God herskep sal word op die nuwe aarde? Glo ons dat hierdie kindjie in die baarmoeder gelewe het om die HERE te loof, in watter graad van gestremdheid ookal? Glo ons dat ook die anenkefaal van gelowige ouers 'n verbondskind van die HERE is en op die nuwe aarde volkome herstel sal wees, en so ook die Down sindroom kind? Dit is die werklikheid. Alle gebreke sal deur die HERE volkome herstel word op die jongste dag. " Kyk, Ek maak alle dinge nuut." Openb 21:5.

Hierdie belofte het die HERE aan al sy kinders gegee, ook aan hulle met liggaamlike gebreke.

Indien die ongebore kind met 'n gebrek geaborteer word is dit niks anders as intra-uteriene eutenasie nie. (genadedood in die baarmoeder van die ma) Dit is beslis nie 'n geneeskundige handeling nie. God en sy werk word voor die voete geloop.

Nee, God gee aan die ouers en dokters van die ongebore kind met 'n gebrek 'n duidelike taak.

***Koninklik*** moet ons hierdie lewe beskerm totdat die natuurlike sterwe intree. Koninklik moet ons die siening dat hierdie kindjie die ouers en samelewing in die weg staan bestry.

***Priesterlik*** moet ons hierdie kindjie versorg sover God die middele gee. Ja ook bid vir die gebreklike ongebore kind. Verder is dit ons taak om ons aan God se soewereine wil wat alleen goed is te onderwerp. Deur hierdie kindjie sal ook die werke van God openbaar word.

***Profeties*** mag ons bely dat God hierdie lewe gegee het en onderhou totdat Hy hierdie lewe weer neem tot hom om ook hierdie lewe uit die krag van die opstanding van Christus te herskep. Ons sal dit teenoor 'n baie onverdraagsame wêreld wat hierdie kinders uit die weg wil ruim moet bely en moet oproep tot bekering: Wat God doen is welgedaan! Vir ons nie altyd verstaanbaar nie, maar in sy Raad, volmaak. Kan ons nog die lyding wat ons deur die sondeval op die hals gehaal het in Christus verwerk? Of wil ons dit nie onder oë sien nie? Verdring ons die lyding uit ons lewe? Hy wat 'n gebreklike kind aborteer of laat aborteer keer hom in feite teen Christus. Christus word in Jes 53 geteken as die lydende kneg van die HERE, 'n man van smarte en bekend met krankheid, ja soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg. Ons kan wel probeer om die stem van 'n sugtende skepping te demp, maar dan staan ons nie in die spoor van Christus wat ons krankhede en gebreklikhede op hom geneem het nie. Jes 53:4.

"Want ons weet dat die lyding van die teenswoordige nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie". Rom 8:18.

---

**OP PAD NA SINODE 2000**

# DIE POSISIES VAN KERKLIKE PROFESSORE (I)

Dr JG Meijer
Pretoria

**Wie behoort toesig oor 'n professor aan die Teologiese Skool te hou? Verskeie sinodes het hulle met hierdie vraag besig gehou en verskillende antwoorde gegee. Is die besluit van die laaste Sinode oor die toesig oor emeriti-professore bevredigend? Hierdie Sinodebesluit moet getoets word. Hoe? Dit is 'n tameletjie, 'n kwessie wat myns insiens nog nie opgelos is nie ...**

Aanvanklik het Die Gereformeerde Kerke 'n dominee wat hulle tot die amp van professor geroep het, laat emeriteer. Die professor het as emeritus-predikant die reg gehad om op versoek die Woord en die sakramente in die kerke te bedien.[1] Hy het drie posisies beklee, naamlik dié van emeritus-predikant van die kerk wat hy laaste gedien het, professor in diens van alle kerke saam en lidmaat van die kerk waar hy woon.

Die Sinode van 1973 besluit: Dit is beter om die geroepe professor los te maak van die kerk wat hom wettig beroep het.[2] Gevolglik beklee hy sedertdien twee kerklike posisies. Hy staan amptelik as professor in diens van die gesamentlike kerke. Tweedens is hy lidmaat van die kerk waar hy woon.[3]

Die vrae het na vore gekom: Wie het die tugreg oor 'n professor se ampswerk? En wie oefen dié reg uit in die periode van sy emeritaat?

## Die Sinodebesluit oor die tugreg[4]

Die laaste Sinodebesluit verwys na vorige sinodebesluite. Die Sinode van 1982 het in aansluiting by dié van 1973 besluit: Die tugreg oor professore se ampswerk berus by die kerkrade waar hulle woon. Die Sinode van 1991 het hierdie besluit verander. Hierdie tugreg behoort sedert 1991 tot die verantwoordelikheid van die Kuratorium.[5] Geen kerkraad het hierin meer enige sê nie.

Is die kwessie van die tugreg oor die ampswerk van professore met die oordrag daarvan aan die Kuratore ordelik afgehandel? Die Sinode antwoord: Nee. Daar is nog een kwessie wat oorbly: Wie het die tugreg oor *emeriti*-professore? Die Sinode van 1988 het besluit: "'n Emeritus-professor (wat aan alle kerke saam verbonde bly) val uitsluitlik onder die toesig van die kerk waar hy woon."

Die Sinode van 1997 voer teen hierdie besluit aan:

1. 'n Geëmeriteerde professor behou die bevoegdheid om sy amp in diens van die gesamentlike kerke uit te oefen, wanneer hy versoek word om nog deeltyds klasse in die Teologiese Skool aan te bied en
2. hy word bowendien deur al die kerke saam deur middel van die Kuratorium versorg.[6]

In onmiddellike aansluiting hierby besluit die Sinode: 'n Emeritus-professor bly steeds verbonde aan al die kerke in die kerkverband, soos die Sinode van 1988 besluit het. Hy val dus nie uitsluitlik onder die toesig van die plaaslike kerkraad waar hy woon nie.[7]

[1] Vgl. die bepaling in KO, art. 13.
[2] Volgens die bepaling in KO, art. 10.
[3] Vgl. 529:3.1.3.
[4] 526-530.
[5] 529:3.1.2; 530:3.1.5.2.
[6] 529:3.1.4.
[7] 530:3.1.5.1.

## Die posisies van die professor is bepalend vir die toesig oor hom

Die kerke moet hierdie besluit toets en dit na geldig-bevinding ratifiseer. Hulle toetssteen is die Skrif, die belydenis en die kerkorde.[8] Die vraag is: Hoe moet die toetssteen gehanteer word om te kan vasstel watter kerklike instansies toesig oor 'n professor behoort uit te oefen?

Toesig hou is uitoefening van gesag. Die vyfde gebod is hier ter sprake. Hoe moet die kerke hierdie gebod in die geval van toesig oor 'n professor toepas? Wie stel die HERE oor hom? Deur wie wil God hom regeer?[9]

Om hierdie vraag te kan beantwoord moet ons die verskeie posisies van die professor in ag neem. Is hy nog 'n bedienaar van die Woord? Moontlik 'n emeritus-predikant? Indien wel, dan moet hy in sy kwaliteit as bedienaar van die Woord - net soos alle ander predikante - onder die toesig van een kerkraad staan. Impliseer die roeping na die professoraat die aflê van die predikant-status en moontlik die oorgang "tot 'n ander staat van die lewe"?[10] As dit die geval is, dan wil die HERE die professor regeer deur hulle wat Hy in daardie staat van lewe oor hom gestel het. As lidmaat van die kerk staan hy vanselfsprekend saam met die ander lidmate in die amp van gelowige onder die gesag waarmee die Here sy kerkraad beklee het.

Kort saamgevat is die posisies van die professor bepalend vir die toesig oor hom. Maar wat is sy amptelike posisie of posisies? In wie se kerklike diens staan hierdie dienskneg van die verhoogde Heiland? Kom, ons luister na die Woord, ons belydenis en die kerkorde om duidelikheid oor die omvang van sy besondere amp te kry.

## Die amp van professor in die lig van die Skrif en die belydenis

Die geleerdes is nie eensgesind oor die sogenaamde profete-skole onder die Ou Verbond nie. Die bestaan daarvan word sowel bevestig as ontken. Daarom kan die 'profete-skole' in hierdie verband nie as gesaghebbende Skrifgetuienis aangevoer word nie. Profete het in baie gevalle direkte openbaring van die HERE ontvang wat hulle net so aan sy volk moes deurgee.

Tog was byvoorbeeld die verhouding tussen Elia en Elisa meer as net dié van meneer en dienaar (kneg). Elisa het Elia gevolg en kennelik leiding van sy leermeester vir sy toekomstige ampsbediening gekry.[11] Moontlik het Elia ook leiding aan die groepe profete in Bet-el en in Jerigo gegee.[12]

Ons Here Jesus het sy twaalf dissipels (leerlinge) opgelei. Hy stuur hulle na die voltooiing van die eerste deel van hulle opleiding uit om die Woord in Israel te verkondig. By hierdie geleentheid word hulle die eerste keer apostels (gestuurdes) genoem.[13] Die Here gaan na hulle terugkeer voort met die onderrig. Hy sê vir hulle: "Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit."[14] Christus, die Heiland van sy dissipels, is ook die leraar wat hulle vir die bediening van die apostel-amp voorberei.[15] Na die afronding van die opleiding dra Hy aan sy apostels op om die evangelie wêreldwyd te verkondig.[16] Hy stuur hulle uit met die belofte: "Die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."[17]

Soos die Here sy dissipels geleer het en na die voltooiing van die onderrig as apostels uitgestuur het, het die apostels op hulle beurt gedoen. Hulle het orals die evangelie verkondig en intussen begaafde manne vir die diens van herder en leraar opgelei.[18] Twee van hulle leerlinge wat na die afronding van die onderrig as voorgangers in 'n gemeente optree, is die bekende broeders Timotheüs en Titus.

Bediening van die Woord is een van die voortdurende genade-geskenke aan die kerk. Die HERE dra aan die bedienaars op om verantwoordelik in die kontinuering van die Woorddiens op te tree. Die apostel Paulus druk Timotheüs op die hart: "Wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer."[19]

Wie lei volgens die Skrif die predikante op totdat ons Here terugkom? Predikante! Die Bybel leer niks oor 'n afsonderlike leraarsamp vir opleiding van toekomstige bedienaars van die Woord nie.[20] In ooreenstemming met die leer van die Skrif bely ons dat die HERE drieërlei ampsdraers aan sy kerk skenk, naamlik bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens.[21] Die amp van professor kom nie in die Heilige Skrif en in die belydenis voor nie.

Die taak van professor word egter wel duidelik in die Skrif geleer en aan predikante opgedra. Die kerke het hierdie omvattende taak uit die hande van elke predikant afsonderlik weggeneem en ooreengekom: Ons behartig die saak van die opleiding saam. Ons doen dit deur enkele begaafde predikante uitsluitlik vir die opleiding van bedienaars van die Woord af te sonder. En ons stig en onderhou saam vir die doel 'n Teologiese Skool.

Net soos een kerk (moontlik met die hulp van samewerkende kerke) 'n sendeling vir die vervulling van die sendingopdrag afsonder,[22] sonder al ons gereformeerde kerke in die land saam 'n aantal predikante af met die opdrag om ons toekomstige dominees op te lei.[23] Al twee, sendeling en professor, kan as *gespesialiseerde predikante* aangedui word. Spesialiste: Die sendeling behartig een aspek van die predikant-amp, naamlik die verkondiging van die evangelie aan die heidene. Die professor spesialiseer in 'n ander aspek van die amp van predikant: die opleiding van die bedienaars van die Woord. Beide verrig dus in die lig van die Skrif en die belydenis gespesialiseerde domininees-werk.

(Word vervolg)

---

8 Volgens die ratifikasie-ooreenkoms met inagneming van die 'tensy' in KO, art. 31.
9 Vgl. HK, Sondag 39.
10 KO, art. 12.
11 Vgl. 1 Kon 19:16, 19-22 in verband met 2 Kon 2:9-13. Let veral op Elisa se uitroep: "My vader, my vader ..." in vers 12.
12 Vgl. 2 Kon 2:3, 5.
13 Matt 10:1-2; vgl. Luk 10:1-24: die sending van die sewentig dissipels.
14 Joh 13:13.
15 Vgl. Gal 1:11-20 oor die opleiding van Paulus deur die verheerlikte Christus.
16 Matt 28:19; Mark 16:15; Hand 1:8.
17 Joh 14:26.
18 Sien o.m. 1 Tim 1:18; 4:6-16; 6:2; Tit 1:5; 2:2.
19 2 Tim 2:2.
20 Die voorstanders van die onderskeiding van herders en leraars in Ef 4:11 as twee afsonderlike ampte beskou die herders as die ouderlinge en die leraars as die predikante (nie professore nie); vgl. Calvyn in sy *Kommentaar* op hierdie teks en in sy *Institusie*, 4.3.4.
21 NGB, art. 30.
22 KO, art. 7.
23 Vgl. die inhoud van die pastorale briewe, aan die pastors Timotheüs en Titus, oor die inhoud van die opleiding. Die Heilige Skrif (die uitlegging en die leer daarvan), prediking, kerkregering, geskiedenis van die heil (en van die kerk), pastoraat en verdediging van die suiwer leer teen ketterye en dwalinge (vgl. KO, art. 18) is van die onderwerpe (vakke) wat aangebied behoort te word.